Verwysing: 20171031-6336
13/1/1
Navrae: M Ludick

Eksamenadministrasieminuut: 0009/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-koördinering en -advies, Vakadviseurs, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) en Senior Sertifikaat- (SS) eksamen voorberei

**Onderwerp: Bekendmaking van die 2017 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenuitslae**

1. Ten einde prinsipale in staat te stel om die nodige reëlings te tref om die bogenoemde uitslae af te haal en te kontroleer, word die volgende **inligting en datums** verskaf. Let asseblief daarop dat hierdie datums en tye tentatief is en dat enige veranderinge aan die reëlings aan u gekommunikeer sal word. Distrikskantore sal ten volle op hoogte gehou word.

1.1 Vrydag, 05 Januarie 2018 om 08:00 — Prinsipale en sentrumbestuurders (of die afgevaardigde personeellede) verkry uitslae van die distrikskantore.

1.2 Prinsipale en sentrumbestuurders (of hul afgevaardigde personeellede) kry 4 ure om die uitslae vir enige ooglopende foute te kontroleer. Hierdie foute moet aan die Direktoraat: Eksamenadministrasie by telefoonnommers 021 467 2514 / 2924 / 2934 / 2246 gerapporteer word.

1.3 Vrydag, 05 Januarie 2018 om 12:00 — Uitslae kan by die onderskeie skole en sentrums aan kandidate bekend gemaak word.

1.4 **Neem asseblief kennis: Geen uitslae mag aan kandidate bekend gemaak word nie, en geen inligting, in hierdie verband mag voor 12:00 op 5 Januarie 2018 aan die pers verskaf word nie.**

Die oorspronklike uitslagadvies vir elke kandidaat sal ingesluit wees by die uitslaepakket wat aan elke skool en sentrum uitgereik word. Skole moet kandidate en ouers inlig dat hulle nie meer die uitslae deur die pos gaan ontvang nie.

1.5 Vrydag, 5 Januarie 2018 om 14:00 — Uitslae is beskikbaar op die WKOD-webwerf by: **https://wcedonline.westerncape.gov.za**

Kandidate sal hul **eksamennommers** en **identiteitsnommers** moet invoer om hul individuele uitslae op die WKOD-webwerf te kan besigtig.

1.6 Saterdag, 06 Januarie 2018 om 06:00 — Uitslae word in die pers gepubliseer.

1.7 Maandag, 15 Januarie 2018 na 12:00 — Onafgehaalde uitslagadviese wat nie deur skole/sentrums afgehaal is nie, sal, deur distrikskantore, aan hulle gepos word.

1.8 Donderdag, 11 Januarie 2018 om 10:00 — NSS-toekenningseremonie vind plaas by Leeuwenhof.

2. Die Departement moet ingelig word oor die reëlings wat deur skole en sentrums vir die afhaal van hul uitslae getref word. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om die aangehegte vorm te voltooi en teen 1 Desember 2017 na die toepaslike Distrikskantoordirekteur te stuur.

3. **Ondersteuning en berading vir kandidate wat nie geslaag het nie**

Dit is uiters belangrik dat kandidate wat nie die eksamen slaag nie, ondersteuning en berading ontvang. Hierdie kandidate moet ingelig word oor die beradingsdiens wat beskikbaar is. Berading kan plaasvind wanneer kandidate hul uitslae ontvang of, waar van toepassing, by die toepaslike distrikskantore waar departementele personeel beskikbaar sal wees.

Indien 'n prinsipaal, sentrumbestuurder of afgevaardigde personeellid 'n kandidaat na 'n distrikskantoor verwys, moet die telefoonnommer en adres van die distrikskantoor aan daardie kandidaat gegee word, en die besonderhede van die kandidaat moet aan die onderwysdistrikskantoor verskaf word.

Aangesien dit dikwels gebeur dat kandidate wat berading nodig het dit nie uit vrye wil soek nie, word daar 'n beroep op skole en sentrums gedoen om bewus te wees van die emosies van kandidate wie se verwagtinge nie verwesenlik is nie.

4. **Vrystelling van Inligting aan die Media**

Die media sal belangstel om inligting aangaande kandidate wat uitsonderlik goed in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen gevaar het by skole te kry. Prinsipale, sentrumbestuurders of die afgevaardigde personeellid mag, in oorleg met ouers, sodanige inligting en foto's aan die media verskaf.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2017-11-06